**Education and Sport Development**
Department of Education and Sport Development
Departement van Onderwys en Sportontwikkeling
Lefapha la Thuto le Tlhabololo ya Metshameko
**NORTH WEST PROVINCE**

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V2 MEMORANDUM

## SEPTEMBER 2015

**PUNTE: 80**

**Hierdie memorandum bestaan uit 23 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A : GEDIGTE

## VRAAG 1: LITERÊRE OPSTEL

Hierdie opstel word nagesien aan die hand van die **ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERêRE OPSTEL – HUISTAAL : POËSIE.**

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Die kandidaat hoef nie aanhalings te gee nie, maar moet wel uit die teks motiveer.

**Inleiding**
Die kandidaat moet die opstel van 'n gepaste inleiding voorsien.

**Titel**

- Die titel verwys na die eerste man op die maan (Neil Armstrong) se woorde toe hy op 20 Julie 1969 sy eerste tree op die maan gegee het : "*One small step for man, one giant leap for mankind*'.

**Strofe 1**

- In strofe 1 verwys die spreker na die idioom "om iemand die maan en sterre te beloof". Daarmee bedoel sy dat haar geliefde entoesiasties beloftes gemaak het, maar dit nooit nagekom het nie.
- Die wysiging van die idioom ("maan, sterre en uitspansel") in reël 3-4 impliseer dat die geliefde haar selfs méér as net die maan en sterre beloof het, wat die verbreking van die beloftes selfs erger maak.

**Strofe 2**

- In strofe 2 stuur die geliefde die verteller na die maan. Positief kan dit beteken dat die verteller die verrukking van die liefde ervaar, maar hier beteken dit eerder dat die geliefde die spreker in die steek gelaat het.
- Verskillende betekenisassosiasies van "na die maan" word geaktiveer:
  - om die persoon weg te jaag
  - die verhouding is verby
  - en die geliefde gee nie om wat met die spreker gebeur nie.
- Die spreker beweeg in 'n droomwêreld, maar verwysings na die kraters op die maan suggereer die spreker het die stryd om die verhouding te red, verloor.

**Strofe 3**

- Armstrong se maantuig word metafories 'n "lugskip van glas". Al herinneringe wat sy het van hul verhouding is foto's en stukkies "maankors" en sy besef uiteindelik "die maan is hiér."
- Hiermee besef die spreker dat sy nie liefde by ander plekke moet soek nie, want dit is hier naby haar beskikbaar.

**Strofe 4**

- Die spreker kom tot die insig dat die maan "beslis nie van kaas" gemaak is nie.
- Met die idioom sê sy dat sy haar liggelowigheid verloor het, dat sy dus nie meer die mites omtrent die liefde glo nie.
- Hier bereik die maanmotief 'n hoogtepunt.

**Slot**

Die kandidaat moet die opstel van 'n gepaste slot voorsien. **[10]**

**OF**

**VRAAG 2 : KONTEKSTUELE VRAAG - 'n tipe epistemologie van water**

| Vraag | Antwoord | Punt | Barrett |
|---|---|---|---|
| 2.1 | Vloedwater het 'n vernietigende uitwerking op die omgewing (mens en dier; ook dinge). ✓ | 1 | 3 |
| 2.2 | Die atmosfeer is droefgeestig, neerslagtig. ✓<br>(Kandidate maak dié afleiding na aanleiding van : "somber" donker, treurig, swaarmoedig; "suf" : dof, moeg). | 1 | 3 |
| 2.3 | JA, die meervoudsvorm dra effektief tot die tema by aangesien dié woorde die oorweldigende en vernietigende uitwerking/aard van die vloedwater verhoog en beklemtoon. ✓✓ | 2 | 4 |
| 2.4 | Asindeton ✓ | 1 | 3 |
| 2.5 | Daar is kosyne/deurraamwerke en ander huisraad (tafels, katels, vrieskaste, kroegtoonbanke) wat op die waters bokant die landerye dryf. ✓ | 1 | 2 |
| 2.6 | Die leser kry die idee dat die mense in die vloedwater instinktief (soos diere) optree/Die mense is uitgelewer en word geforseer tot dieselfde vlak as diere/Die mense is sonder menswaardigheid. ✓ | 1 | 2 |
| 2.7 | (Arpeggio's verwys na akkoorde waarvan die eerste note eers al hoër word en dan al laer.) Dit dui op die verskillende stemme/toonhoogtes van die mense se noodkrete. ✓ | 1 | 3 |
| 2.8 | Dit word as "eoniese krete" beskryf. ✓ | 1 | 2 |
| 2.9 | "deur die wind se woede" **(Kandidate moet die woord onderstreep, anders 0.)** ✓ | 1 | 1 |
| | | **10** | Vlak 1/2 = 4<br>Vlak 3 = 4<br>Vlak 4/5 = 2 |

Kognitiewe standaard: vlak 1/2 – 40%, vlak 3 – 40%, vlak 4/5 – 20%

**OF**

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG - "last grave at dimbaza"

| Vraag | Antwoord | Punt | Barrett |
|---|---|---|---|
| 3.1 | Die dogtertjie het 'n pragtige naam gekry✓, terwyl sy in haglike toestande gebore is – omring deur koerante en kaal klippe.✓ / Sy het 'n pragtige naam✓, maar haar lewe was baie kort en daar is niks moois aan haar omstandighede nie✓. / Sy het 'n mooi naam,✓maar daar is geen mooiheid omtrent die tragiese verhaal van die dogtertjie nie.✓ **(Beide kante moet gegee word – 2 of 0.)** | 2 | 4 |
| 3.2 | Die verwysing na beeste (reël 8 en 16) sluit aan by die lobola-tradisie, 'n gebruik in sommige swart kulture, waar die bruidegom se familie beeste as bruidskat aan die bruid se familie betaal.✓/Beeste beteken rykdom.✓ | 1 | 2 |
| 3.3 | Sinekdogee.✓ | 1 | 3 |
| 3.4 | "myne"/ "briefie" ✓ **(Aanhalingstekens nie nodig nie.)** | 1 | 1 |
| 3.5 | Die uitroep beklemtoon die ma se groot dankbaarheid en vreugde.✓ | 1 | 2 |
| 3.6 | Op 'n sonskynmiddag, wat gewoonlik met warmte en lewe geassosieer word✓, ontvang hy die boodskap dat Beauty dood is.✓ **(Beide kante moet gegee word – 2 of 0)** | 2 | 3 |
| 3.7 | Na die dubbelpunt volg die woorde wat in die brief was.✓ | 1 | 2 |
| 3.8 | Die leser wat nie bewus is van die geskiedenis van Dimbaza nie, sal nie weet dat die dorpie geassosieer word met die gedwonge verskuiwing van swart mense en die gevolglike trekarbeidstelsel nie✓. / Kennis van die geskiedenis van Dimbaza, agtergrond van die dokumentêr en werksomstandighede van die trekarbeiders is noodsaaklik vir die verstaan van die gedig.✓ | 1 | 3 |
| | | **10** | Vlak 1/2 = 4<br>Vlak 3 = 4<br>Vlak 4/5 = 2 |

Kognitiewe standaard: vlak 1/2 – 40%, vlak 3 – 40%, vlak 4/5 – 20%

**OF**

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG - Safari

| Vraag | Antwoord | Punt | Barrett |
|---|---|---|---|
| 4.1 | Die woord "Niks" (reël 1) word grafies met die nul/0 in reël 34 voorgestel.✓ / Die gedig se "pad" begin by "niks" (reël 1) en eindig by die illustrasie van die graf "0".✓ | 1 | 3 |
| 4.2 | "Stoete" (reël 10)✓ **(Aanhalingstekens nie nodig nie.)** | 1 | 1 |
| 4.3 | Voorbeelde van dinge wat in stoete beweeg, word daarna genoem.✓ | 1 | 3 |
| 4.4 | Dit verwys na plekke (woestyne en grasvlaktes) waar safari's gewoonlik plaasvind.✓ | 1 | 2 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 4.5 | Tye van oorvloed asook 'n voorspoedige emosionele of geestelike lewe.✓ | 1 | 3 |
| 4.6 | Die safari (lewensreis) verloop sonder steurnisse / onafwendbaar na die dood (graf).✓ | 1 | 3 |
| 4.7 | "Kosyne" (reël 12)✓. **(Aanhalingstekens nie nodig nie.)** | 1 | 1 |
| 4.8 | Dit is 'n letterlike illustrasie van die gaatjie (die graf) in die grond.✓ | 1 | 1 |
| 4.9 | Alles in die lewe is van tydelike aard en stuur af op die dood ✓✓/ 'n Mens vra jouself af wat die sin van die lewe is – en dan weet jy dat jy die reis die moeite werd moet maak. ✓✓<br>**Enige EEN. (Ander gepaste antwoorde van kandidaat kan ook korrek wees.)** | 2 | 5 |
| | | **10** | Vlak 1/2 = 4<br>Vlak 3 = 4<br>Vlak 4/5 = 2 |

Kognitiewe standaard: vlak 1/2 – 40%, vlak 3 – 40%, vlak 4/5 – 20%

## VRAAG 5: VERPLIGTE VRAAG – woorde huil soms

| Vraag | Antwoord | Punt | Barrett |
|---|---|---|---|
| 5.1 | Herhaling van die titel in die gedig / herhaling van *woorde huil soms* / repetisie ✓ | 1 | 1 |
| 5.2 | Metafoor ✓ | 1 | 1 |
| 5.3 | Daar is geen vaste rymskema nie / daar is geen vaste strofebou nie / min leestekens kom voor / geen hoofletters kom voor nie ✓✓ **(enige twee)** | 2 | 2 |
| 5.4 | Versreël 10 *tot die seisoen verander* ✓ | 1 | 3 |
| 5.5 | In reël 12 word daar na die fetus verwys wat vorm kry en dus 'n mens begin word. Die slotreël verwys na *weer mens raak* wat op die figuurlike "menswording" of heelwording dui. ✓ | 1 | 3 |
| 5.6 | Dit is baie gepas – dit dien as uitheffingstegniek vir die figuurlike heelwording / dit dui daarop dat daar 'n tyd verby moes gaan voor die spreker heel geword het.✓ | 1 | 3 |
| 5.7 | Hartseer / droewig / eindig tog positief (leerder hoef nie laasgenoemde te sê nie.) ✓ | 1 | 3 |
| 5.8 | Ja, deur te skryf oor pyn, slaag sommige mense daarin om hul emosies te verwerk.✓✓ OF<br>Nee, baie mense verwerk nie hul emosies deur daaroor te skryf nie, maar eerder deur terapie te ondergaan/met iemand na aan hul daaroor te praat. (ens) ✓✓ | 2 | 4 |
| | | **10** | Vlak 1/2 = 4<br>Vlak 3 = 4<br>Vlak 4/5 = 2 |

Kognitiewe standaard: vlak 1/2 – 40%, vlak 3 – 40%, vlak 4/5 – 20%

## VRAAG 6: LITERÊRE OPSTEL – *DIE-KWART-VOOR-SEWE-LELIE*

**Hierdie vraag word nagesien aan die hand van die aangehegte ASSESSERINGS-RUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL - HUISTAAL: ROMAN EN DRAMA**

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Die kandidaat hoef nie aanhalings te gee nie, maar moet wel uit die teks motiveer.

**Riglyne:**
Die langvraag word globaal nagesien. Die nasiener gebruik letters om feite aan te toon. Daar word van kandidate verwag om gemotiveerde feite te gee. Indien 'n feit gemotiveer is, word 'n M gebruik.

I = innerlike konflik by Iris.
K = karakterontwikkeling by Iris.
M = motivering by elke feit wat gemotiveer is.

**Inleiding**
Leerders voorsien die opstel van 'n gepaste inleiding

**Innerlike konflik by Iris**
• Konflik ontstaan tydens Iris se geboorte omdat almal haar oorhaastig toegevou het en sy eerder graag aanmerkings wou maak soos dat die lig te skerp was, dat sy moeg was of dat haar geboorte 'n wurgende ondervinding was.
• Iris voel dat niemand sedert haar geboorte na haar luister nie en sy moes stilbly omdat sy te jonk is om saam te praat.
• Iris staan in die skadu van haar susters. Haar konflikkwessies was onbenullig teenoor hulle s'n.
• Toe Iris deur haar eksistensiële krisis gegaan het, het Elsa se swangerskap die krisis oorskadu.
• Iris sien haarself as buitestander in haar familie. Haar ma, Els/Elsa, verklaar dat Iris sedert haar geboorte anders was, in stryd met die gesin.
• Iris ervaar sedert haar geboorte innerlike konflik, want sy voel dat niemand na haar luister nie.
• Iris is onseker om keuses te maak (soos oor die werksaanbod as model) aangesien sy nie weet of dit haar blomtyd is nie en sy wil nie die verkeerde keuses uitoefen nie.
• Iris ervaar innerlike konflik oor haar voorkoms – sy bly ontevrede met haarself en wil verander, iets anders wees en word.
• Iris gaan deur 'n eksistensiële periode waar sy haar voorkoms verander en tob oor die sin van die wêreld en die groter geheel.
• Iris se innerlike konflik word met die hulp van die Engel opgelos waar hy na haar luister en sy tot ander insigte kom oor die huwelik, haar blomtyd en die modelkontrak wat nie vir haar bedoel was nie.

**Karakterontwikkeling by Iris**

- Iris groei van iemand wat 'n fantasiewêreld as baie belangrik beskou na 'n karakter wat die werklikheid aanvaar.
- Iris groei tot die insig dat 'n naam net 'n naam is en dat haar toekoms en geluk nie van naamgewing afhanklik is nie.
- Verder kom Iris tot die insig dat daar nie slegs een blomtyd in haar lewe is nie, maar dat die lewe uit onsamehangende flardes/baie hoogtepunte bestaan.
- Iris ervaar die lewe met geduldige tevredenheid en kom tot die insig dat daar baie maniere is om te blom.
- Iris ondergaan ontwikkeling wanneer haar fantasiewêreld voor die werklikheid van Peter se teenwoordigheid vervaag.
- Iris se innerlike konflik word opgelos en sy groei/verander.

**Slot**

Die kandidaat moet die opstel van 'n gepaste slot voorsien. **[25]**

**VRAAG 7: KONTEKSTUELE VRAAG – *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE***

| Vraag | Antwoord | Punt | Barrett |
|---|---|---|---|
| 7.1 | Iris. ✓ | 1 | 2 |
| 7.2 | Eerstepersoons- / ek-verteller. ✓<br>Die verteller kan persoonlike emosies die beste verwoord. /Die leser kan makliker met die hoofkarakter identifiseer. / Die leser leer die hoofkarakter baie goed ken / Die verteller is geloofwaardig wanneer emosies, ens. beskryf word. ✓✓ | 3 | 3 |
| 7.3 | Iris gaan stap alleen in 'n vreemde stad ✓ en sy gaan saam met 'n vreemde man en laat hom foto's neem van haar. ✓<br>**(Aanhalingstekens nie nodig nie.)** | 2 | 1 |
| 7.4 | Hy rol sy oë. ✓ | 1 | 2 |
| 7.5.1 | Ja. (slegs ja, maar geen punt). Van haar geboorte af voel sy niemand neem van haar notisie nie. ✓ Sy is die jongste in die gesin en word dikwels geïgnoreer. ✓ Haar ma en susters luister nie na haar nie. ✓ Sy was 'n laatlam wat van oorskietkos oorleef het. / Aanvaar ander moontlikhede. | 3 | 2 |
| 7.5.2 | Sy is filosofies / 'n alleenloper/skerpsinnig / sy is 'n dromer. (enige 2) ✓✓ | 2 | 3 |
| 7.5.3 | Johanna doen vir Iris alles wat haar afwesige ma moes doen – sy begelei haar op die pad na volwassenheid. ✓✓ | 2 | 3 |
| 7.6 | Dienares van hoër gode ✓ en die Godin van die reënboog. ✓<br>Sy identifiseer met die Godin van die reënboog. ✓ | 3 | 1 |
| 7.7.1 | "die een of ander tyd moet blom…"✓ | 1 | 3 |
| 7.7.2 | Sy beweeg uit die fantasiewêreld en leef in die realiteit/ Sy besef dat 'n mens nie net een blomtyd het nie, maar dat die lewe uit baie hoogtepunte bestaan. ✓✓ | 2 | 3 |
| 7.8 | Sy gaan saam met 'n vreemdeling, sy vertel vir 'n wildvreemde persoon van die engel, iets wat nie bestaan nie. Sy glo dat sy een of ander tyd soos 'n blom 'n blomtyd moet hê. ✓✓ | 2 | 4 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 7.9 | Sy is filosofies / Sy wil haar emansipeer van die beperkings van die middelklasgesin, maar het nie die moed om dit deur te voer nie./ Sy lewe in afwagting op haar groot blomoomblik./ Sy is op soek na meer as net die doodgewone bestaan van 'n doodgewone huisvrou. (Enige 3) | 3 | 4 |
| | | **25** | Vlak 1/2 = 10<br>Vlak 3 = 10<br>Vlak 4/5 = 5 |

Kognitiewe standaard: vlak 1/2 – 40%, vlak 3 – 40%, vlak 4/5 – 20%

**VRAAG 8: LITERÊRE OPSTEL**

***MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* - Pieter Pieterse**

**Hierdie vraag word nagesien aan die hand van die aangehegte ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERêRE OPSTEL - HUISTAAL: ROMAN EN DRAMA.**

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Die kandidaat hoef nie aanhalings te gee nie, maar moet wel uit die teks motiveer.

**Riglyne:**
Die langvraag word globaal nagesien. Die nasiener gebruik letters om feite aan te toon. Daar word van kandidate verwag om gemotiveerde feite te gee. Indien 'n feit gemotiveer is, word 'n M gebruik.

I = innerlike konflik by Baas.
K = karakterontwikkeling by Baas.
M = motivering by elke feit wat gemotiveer is.

**INLEIDING:** Die kandidaat voorsien die opstel van 'n gepaste inleiding.

**Waar begin Baas se innerlike konflik?**

- Baas word groot in 'n sterk Christelike huis, maar ná sy ouers se dood tydens die bosoorlog en die verlies van die plaas in Rhodesië, raak hy afvallig. Waar hy aanvanklik nog gereeld Bybel gelees het, het hy later glad nie meer Bybel gelees nie.
- Baas loop met 'n wrok in sy hart rond en wonder of 'n mens die ewige lewe kan hê en dit verloor?
- Dit veroorsaak innerlike konflik en Baas wil nie sy ma se Bybel wat sy niggie Mart vir hom gebêre het, saamvat nie.
- Innerlike konflik veroorsaak dat Baas in sy onderbewuste bly stoei met wat 'n mens 'n Christen maak. In sy drome sien Baas egter sy ma met 'n kruiskettinkie, waar sy probeer om die kettinkie oor sy kop te kry, maar dit wil nie pas nie. Dit kan simbolies wees van Baas se afkeer van godsdiens.
- Innerlike konflik veroorsaak dat Baas sy eie geselskap verkies en sy waardes en ideale verskil van die mense om hom.

- Baas vertrek dan noordwaarts, nadat hy besef het dat hy sy familie grotendeels "ontgroei" het, en vestig hom op Manaka, waar sy innerlike konflik 'n hoogtepunt bereik.
- Die vraag "Wat maak van 'n mens 'n Christen?" lei tot spanning en speel 'n rol in die strukturele ontwikkeling van die roman.

**Omgee op Manaka lei tot innerlike konflik in Baas.**

- Uit sy handelinge lei die leser af dat Baas, alhoewel soms onwillig, 'n omgee-mens is. (Omgee is 'n familiekwaal, en dit wil voorkom asof Baas ook dieselfde omgee het.)
- Dié omgee (vir mense) lei tot innerlike konflik.
- Grace wys dat baie mense Manaka toe kom om hulp by Baas te soek.
- Baas is vies vir dié mense en ook vir homself.
- Hy sê dit is die rede dat hy afgetrokke/in homself gekeer is en dat hy niks meer het om te gee nie.
- Grace meen dat Baas so kwaai geword het omdat hy nie meer al die mense kan help wat Manaka toe kom wanneer hulle iets nodig het nie.
- Baas antwoord dat hy nie Barotseland toe gekom het om welsynwerk te doen nie.
- Baas word verskeur (het innerlike konflik) tussen omgee vir mense en die wrok wat hy teen die swart mense koester wat sy ouers vermoor het.
- Baas wil nie verantwoordelik voel vir almal se skete, kwale en hongersnood nie.
- Tog gee hy vir Grace geld vir malariapille en onttrek sy laaste fondse.
- Die mense wat hulp nodig het, bly egter op sy gemoed, maar hy wil nie weet van werksoekers, siek mense, honger mense, weeskinders, kruppel vrouens en sterwendes wat met 'n slee na hom aangery word nie.

**Baas soek ook na die essensie van Christen-wees en dit veroorsaak innerlike konflik**

- In die bewuste werklikheid is dit 'n vraag wat hom kwel en wat telkens na vore kom.
- Hier gaan dit nie net oor Baas se eie soektog na die aard van ware Christenskap nie, maar ook 'n soektog na sy eie identiteit.
- Baas bly tob oor Christenskap en worstel met die vraag: "Wat maak 'n mens 'n Christen?"
- Baas stel hierdie vraag aan Nanna, Griesel, Grace en ouma Essie.
- Nanna konfronteer hom met die vraag of Baas regtig 'n Christen is. Vir Nanna is sonde 'n gesindheid; dit is nie iets waarvoor jy aanspreeklik gehou kan word nie.
- Volgens Griesel is Christenskap om nie met 'n wrok in jou hart rond te loop nie. Christenskap is nie goeie werke nie. Christenskap is 'n gesindheid.
- Dié paradoksale antwoorde (van Nanna en Griesel) gee aanleiding tot innerlike konflik by Baas.
- Grace wys Baas daarop dat hy na Manaka toe gestuur is om 'n bepaalde werk te doen.
- Baas aanvaar aanvanklik nie dat hy geroepe is nie en jaag vir Grace weg.

- Innerlike konflik by Baas word verskerp deur ander karakters se verwysings na Christenskap, byvoorbeeld:
  - Meneer Johnnie se opmerking dat Baas 'n Christen en 'n goeie man is.
  - Oom Scholtzie se afskeidspreek waar Baas moet hoor: "God het hulle gemaak om Hom te soek, al sou hulle moes rondtas om Hom te vind."
  - Meneer Jos se teksvers tydens sy ouma se begrafnis: "Julle het My nie uitgekies nie, maar ek het julle uitgekies."
- Ouma Essie glo onwrikbaar dat Baas 'n Christen is. (Sy het in die verlede dieselfde mate van twyfel / innerlike konflik as Baas ervaar.)
- Sy is dus die persoon wat Baas se innerlike konflik verstaan, sy besweer Baas se twyfel en gee vir Baas 'n duidelike antwoord oor sy twyfel oor Christenskap: "Jou reg om 'n Christen te wees maak van jou 'n Christen,"
- Alhoewel Baas steeds na antwoorde soek, is daar tekens dat daar 'n gesindheidsverandering by hom plaasvind.

**Gee innerlike konflik aanleiding tot karakterontwikkeling by Baas?**

- Ja, Baas groei deur innerlike konflik tot insig dat hy wel geroepe is om as geestelike leier van Manaka op te tree, nes sy oupagrootjie destyds.
- Deur sy naam onder sy oupagrootjie se naam in die bas van die kremetartboom uit te kerf, bevestig Baas dat hy op Manaka hoort. (Ook die vaskap van Morena se horings, die gebed by ouma Essie se sterfbed, die lyfband wat hy teruggee en die regmaak van die bankie onder die worsboom, asook die feit dat Baas die boumateriaal vir die herstel van die kerk aanvaar, het te make met Baas se herbesinning oor sy lewensdoel.)
- Baas berus hom uiteindelik in Grace se opsomming van wat 'n Christen is: om om te gee vir ander en ook 'n besliste wete te hê waarheen jy op pad is hier en in die lewe hierna.
- Baas se omgee het verdiep tot 'n wete dat hy geroep is deur 'n hoër mag.
- Ten slotte is die ommekeer en aanvaarding van sy geroepenheid as geestelike leier volledig, en doen hy selfs 'n gebed by ouma Essie se siekbed.

**SLOT:** Die kandidaat moet die opstel van 'n gepaste slot voorsien. **[25]**

## VRAAG 9: KONTEKSTUELE VRAAG - *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS*

| Vraag | Antwoord | Punt | Barrett |
|---|---|---|---|
| 9.1 | Meneer Johnnie. ✓ | 1 | 3 |
| 9.2 | Derdepersoonsverteller / alomteenwoordige verteller. ✓<br>Die verteller is alwetend en alomteenwoordig en het insae in die gedagtes en gemoedstoestand van verskillende karakters op verskillende tye en plekke. Die soort verteller is objektief. ✓✓ | 3 | 3 |
| 9.3 | "Dit is hoe dit is" ✓<br>**(Aanhalingstekens nie nodig nie.)** | 1 | 1 |
| 9.4 | Meneer Johnnie werk vir Baas ✓/help met allerhande take op Manaka ✓/ Gaan saam met Baas op sy jagtogte. ✓<br>**(Enige EEN)** | 1 | 1 |

Kopiereg voorbehou 

| | | | |
|---|---|---|---|
| 9.5 | Dit maak van meneer Johnnie 'n geloofwaardige karakter, want dit sê hoe ernstig hy oor 'n saak voel. ✓/ Meneer Johnnie praat so ('n mengelmoes van Afrikaans, Engels en sy eie taal) as hy opgewonde is. ✓<br>**(Enige EEN)** | 1 | 1 |
| 9.6 | **JA.** Meneer Johnnie kan nie die lobola betaal nie en sy skoonouers het sy vrou en kind weggeneem. Dit vorm 'n parallel met Baas se oupagrootjie wat ook nie sy verpligtinge kon nakom nie en sy skoonouers het sy kind gevat. ✓✓<br>**(Slegs JA verdien geen punte nie; Ja plus motivering)**<br><br>Baas skiet Morena en gee die karkas vir meneer Johnnie as losprys aan sy skoonfamilie om sy vrou en kind terug te kry. ✓✓ | 4 | 2 |
| 9.7 | ("Sy bene hoepel teen...")<br>Meneer Johnnie het krom bene. ✓ | 1 | 4 |
| 9.8 | Meneer Johnnie wat vir Baas uit respek hande klap. ✓/<br>Alle mans word as Meneer aangespreek. ✓<br>**(Enige EEN)** | 1 | 1 |
| 9.9 | Volgens die khuta gebruik Baas die onderste gedeelte van Manaka as 'n besigheidsperseel deurdat hy wildsvleis verkoop en ook 'n pontboot daar bou. Die khuta dring aan op 'n deel van die wins van die vleis ✓ / 'n aandeel in Baas se bootbesigheid. ✓<br>**(Enige EEN)** | 1 | 3 |
| 9.10 | Die wit mense (sendelinge) kersten / bekeer die Lozi's en dan glo die plaaslike bevolking nie meer wat Chisupo sê nie. ✓✓ / Chisupo besef dat die invloed wat hy uitoefen (om die Lozi's te laat glo dat hy kan toor of hulle gebreklik maak) deur Baas ondermyn word. ✓✓<br>**(Enige EEN)** | 2 | 3 |
| 9.11 | Baas dink nie dat dit so erg is dat hy gebed nodig het nie; buitendien verkeer hy self in 'n geloofsworsteling en bid en lees hyself nie meer nie. ✓/ Baas is 'n buitestander en wil nie by die sendelinge betrokke raak nie. ✓<br>**(Enige EEN)** | 1 | 3 |
| 9.12.1 | Die dood van sy ouers op Sable Ranch tydens die bosoorlog in Suid-Rhodesië en die verloor van die plaas. | 1 | 1 |
| | Baas is in 'n geloofsworsteling; hy ontken dat hy 'n Christen is, ✓maar sy optrede van omgee (Baas koop vir meneer Johnnie tabak en hy het sy LDV stukkend gery agter pale vir die khuta) bewys dat hy 'n Christen is. ✓<br>**(Albei pole moet getoon word; anders 0)**✓ | 2 | 3 |
| 9.12.2 | **JA.**<br>Met die gebed by ouma Essie se siekbed ("Dankie, Here. Amen."), die regmaak van die bankies onder die worsboom en die lyfband van Muluti Joseph wat Baas afhaal en vir ouma Essie teruggee, word die innerlike konflik opgehef en Baas se soeke na geestelike sekerheid en sy roeping na Manaka afgesluit. ✓✓<br>**(Ja plus die motivering vir 2 punte)** | 2 | 4 |

Kopiereg voorbehou

| | | | |
|---|---|---|---|
| 9.13 | **JA.**<br>Die liedjie wat Nanna sing, herinner Baas aan sy verlede. Hier roep hy weer die dood van sy ouers op en dié gedagte maak hom naar. ✓✓/Die verband tussen Baas en die geredde persoon (in die liedjie) is duidelik. Baas het geloofsworsteling; hy twyfel en die fisiese naarheid sluit by die gedagte aan. ✓✓/ Baas het malaria gekry en naarheid is een van die nagevolge van dié siekte. ✓✓<br>**(Enige EEN vir 2 punte)** | 2 | 4 |
| 9.14 | Nanna (du Pisani) ✓ | 1 | 1 |
| | | **25** | Vlak 1/2 = 10<br>Vlak 3 = 10<br>Vlak 4/5 = 5 |

Kognitiewe standaard: vlak 1/2 – 40%, vlak 3 – 40%, vlak 4/5 – 20%

## VRAAG 10: LITERÊRE OPSTEL

## *VATMAAR* – AHM SCHOLTZ

**Hierdie vraag word nagesien aan die hand van die aangehegte ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERêRE OPSTEL - HUISTAAL: ROMAN EN DRAMA.**

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Die kandidaat hoef nie aanhalings te gee nie, maar moet wel uit die teks motiveer.

**Riglyne:**

Die langvraag word globaal nagesien. Die nasiener gebruik letters om feite aan te toon. Daar word van kandidate verwag om gemotiveerde feite te gee. Indien 'n feit gemotiveer is, word 'n M gebruik.

- I = innerlike konflik by Tant Wonnie.
- K = karakterontwikkeling by Tant Wonnie.
- M = motivering by elke feit wat gemotiveer is.

**Inleiding**

Leerders verskaf die opstel van 'n gepaste inleiding.

**Innerlike konflik wat by Tant Wonnie voorkom.**

- Tant Wonnie is die verpersoonliking van liefde. Sy het 'n groot liefde vir haar oorlede man en vir haar kinders; 'n goeie mens wat ondanks haar armoede ook vir ander omgee en help waar sy kan.
- Al is sy arm, het sy 'n innerlike adel wat haar verhef bo ander wat ryker as sy is. Sy is ook 'n toonbeeld van onskuldige lyding, 'n moderne Job, soos wat ons sien wanneer sy vals van diefstal beskuldig word.

- Ondanks hierdie onreg word sy nie bitter nie, maar staan vas in haar goedheid. Haar vertroue op God en haar oorgawe aan Hom is vir haar 'n anker wat haar selfs in die moeilikste tye staande hou.
- As gevolg van haar innerlike krag is sy in staat om te oorleef en te triomfeer ondanks haar moeilike omstandighede.
- Tant Wonnie is seker die duidelikste voorbeeld van 'n goeie mens wat onverdiend swaarkry. Waarom moet sy so arm wees? Waarom moet sy onregverdig van diefstal aangekla word? Waarom moet sy in die tronk beland?
- Tant Wonnie worstel met God, sy probeer sin maak uit wat met haar gebeur het, en dan word sy getref deur 'n gedagte wat vir haar rus bring. Sy onthou wat haar geliefde man aan haar geskryf het: "Remember, it is said that God is within us at all times."

**Karakterontwikkeling by Tant Wonnie**

- Tant Wonnie kom tot 'n belangrike gevolgtrekking. Sy dink aan die godsdiens van Vatmaar se mense en besluit:
- "Ek wil nie deel wees van hulle se God nie. Hulle sê almal: Onse Vader. Onse Vader, terwyl elkeen van hulle sy eie gedagtes het en die meeste van die tyd iets vir niks wil hê. Toe kom dit by haar op, asof daar 'n stem binne-in haar praat: Soek eers die Koninkryk van God binne-in jou, want Ek woon binne-in jou" (bl. 126).
- In die toneel waar Tant Wonnie op pad na die tronk is, bid sy om uitkoms omdat sy nie meer die krag het om verder te loop nie. Dan, juis op daardie oomblik, hou 'n vragmotor stil, en sy word opgelaai en na die tronk gery. Dit lyk na 'n volmaakte voorbeeld van 'n antwoord op gebed.
- Uit die geskiedenis van Tant Wonnie blyk dit egter dat die goeie mens (dikwels) wel geluk vind, maar eers na 'n tyd van swaarkry. Nadat sy in die tronk was, word Tant Wonnie vrygespreek en kry sy 'n pensioen. So ook, nadat Kenneth sy geliefde Kaatjie aan die dood afgestaan het, vind hy geluk met Suzan. Die feit dat hy Kaatjie verloor het, bring hom na Vatmaar, waar hy geluk saam met Suzan vind en vir Vatmaar 'n kliniek laat oprig. Die slegte dinge het wel 'n gelukkige en sinvolle einde — alles werk ten goede uit.
- Uiteindelik word sy vir haar goedheid beloon en sy leef op haar oudag sonder finansiële kommer. Sy sterf soos 'n goeie mens, rustig, sonder sorge.
- 

**Slot** Die kandidaat moet die opstel van 'n gepaste slot voorsien. **[25]**

## VRAAG 11: KONTEKSTUELE VRAAG - *VATMAAR* – AHM SCHOLTZ

| Vraag | Antwoord | Punt | Barrett |
|---|---|---|---|
| 11.1 | Stoffel Jones. ✓ | 1 | 1 |
| 11.2 | Derdepersoonsverteller/alomteenwoordige verteller. ✓<br>Die verteller is alwetend en alomteenwoordig en het insae in die gedagtes en gemoedstoestand van verskillende karakters op verskillende tye en plekke. Die soort verteller is objektief. ✓✓ | 3 | 3 |
| 11.3 | In die Apartheidsjare het bruin mense wittes as "Baas" of "Sir" aangespreek. | 2 | 1 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 11.4.1 | Ja. (slegs ja, maar geen punt). Flip het dit op die delwerye gesteel. ✓ Bet het dit in haar broek weggesteek en so het hulle dit uitgesmokkel. ✓ | 2 | 2 |
| 11.4.2 | Nee / Ja.<br>NEE – dis nooit reg om te steel nie, al word jy ook hoe sleg behandel en al is jou omstandighede ook hoe sleg. ✓✓✓<br>OF<br>JA – Sus Bet het baie swaar gekry onder die wellustige Steenkamp en sy vrou en deur te steel/diefstal was die enigste manier waarop hulle kon ontsnap. ✓✓✓ | 3 | 2 |
| 11.4.3 | Oom Chai ontvang hulle met ope arms, al is hulle eintlik misdadigers. ✓✓ | 2 | 3 |
| 11.5 | Drank ✓ | 1 | 1 |
| 11.6 | In die apartheidsjare mag bruin mense nie drank koop nie, maar Sus Bet wel omdat sy 'n Griekwa is. ✓✓ | 2 | 2 |
| 11.7.1 | "… om as medemense aanvaar te word" / "liefde het hulle geken …"✓ | 1 | 4 |
| 11.7.2 | Vatmaar se mense oordeel niemand en ontvang almal in liefde. ✓✓ | 2 | 3 |
| 11.8 | Dis naby Kimberley geleë en gee dus vir die leser 'n idee van waar Vatmaar geleë is. ✓✓ | 2 | 4 |
| 11.9 | Dit speel af in die apartheidsjare en die leser moet weet hoe bruin mense in daardie jare deur die regering behandel is. ✓✓ | 2 | 4 |
| 11.10 | Almal wat deur die samelewing verstoot word, word deur hulle 'gevat". ✓ | 1 | 3 |
| 11.11 | Geloof ✓ | 1 | 3 |
| | | **25** | Vlak 1/2 = 10<br>Vlak 3 = 10<br>Vlak 4/5 = 5 |

Kognitiewe standaard: vlak 1/2 – 40%, vlak 3 – 40%, vlak 4/5 – 20%

## VRAAG 12: LITERÊRE OPSTEL

***DIE KRISMIS VAN MAP JACOBS* - ADAM SMALL**

**Hierdie vraag word nagesien aan die hand van die aangehegte ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL - HUISTAAL: ROMAN EN DRAMA.**

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Die kandidaat hoef nie aanhalings te gee nie, maar moet wel uit die teks motiveer.

**Riglyne:**
Die langvraag word globaal nagesien. Die nasiener gebruik letters om feite aan te toon. Daar word van kandidate verwag om gemotiveerde feite te gee. Indien 'n feit gemotiveer is, word 'n M gebruik.

Ma = Map.
C = Cavernelis
B = Blanchie
M = motivering by elke feit wat gemotiveer is.

**INLEIDING:** Die kandidaat voorsien die opstel van 'n gepaste inleiding.

- In dié drama is daar een tema wat uitstaan, naamlik dat die mense op die Kaapse Vlakte uitgelewer is aan 'n uitsiglose bestaan
- Die mense is a.g.v. die Groepgebiedewet daarheen geskuif en ontwortel.

**Map:**

- Hy kry nie werk nie a.g.v. werkreservering vir blankes. Hy sluit by bendes aan en word die leier van drie bendes wat aan hom 'n eiewaarde gee en hom aan iets laat behoort.
- As ontwortelde inwoner voer hy na die verskuiwing van Distrik 6, 'n troostelose, uitsiglose bestaan op die Kaapse Vlakte.
- Aanvanklik was hy iemand met baie potensiaal, maar as gevolg van sy rekord word hy deur die gemeenskap gevrees en sleggesê.
- Sy naam is Johnnie. Dit word "Map"; die twee name bewys sy identiteitskrisis.
- Hy laat sy hele lyf tatoeëer as bewys van sy soeke na identiteit; vandaar die naam "Map".
- Hy gee toestemming vir die roof op sy ma en sussie. Die bende erken hom as leier.
- Nadat hy uit die tronk kom, wil die orkes hom nie terugneem nie en hy kry nêrens werk nie.
- Aanvanklik het hy 'n belangrike rol gespeel in die Kersorkes. As gevolg van sy dade en veroordeling wil die orkes hom nie langer gebruik nie.
- Na sy vrylating probeer hy weer eens werk soek, maar niemand wil hom aanstel nie as gevolg van sy misdaadrekord.
- Hy keer terug uit die tronk na "kamma" vryheid; hy bly dus steeds in dieselfde woongebied waar die wind steeds troosteloos waai en die toekoms niks beter lyk nie.

**Cavernelis**

- Hy soek na 'n beter bestaan/wil weg van die troostelose, uitsiglose bestaan na iets beters toe. Hy doen twee werke om ekstra geld te in om sy droom te verwesenlik.
- Cavernelis en Maud wil graag na 'n beter woonbuurt verhuis. Hulle laat Blanchie se doen en late stil toe in die hoop dat daar vir haar/hulle iets beters daaruit sal voortspruit.
- Cavernelis pleeg selfmoord wat bewys dat hulle situasie eintlik voortdurend slegter word, dat hulle die omstandighede nie kan ontsnap nie.

**Blanchie**

- Blanchie droom oor 'n ander lewe, beter plek, 'n toekoms in die modelbedryf. Sy laat toe dat sy deur wit mans uitgebuit en misbruik word.
- Uiteindelik kom die modelkontrak tot niks nie en voel sy vuil en misbruik.

**Bevryding?**

- Alhoewel Map vanuit die letterlike tronk terug is in die figuurlike tronk, is hy geestelik vry omdat hy sy lewe vir die Here gegee het.
- Cavernelis ontsnap nooit uit die Flats nie en pleeg selfmoord.

**Slot:** Die kandidaat voorsien die opstel van 'n gepaste slot. **[25]**

## VRAAG 13: KONTEKSTUELE VRAE - *DIE KRISMIS VAN MAP JACOBS* - ADAM SMALL

| Vraag | Antwoord | Punt | Barrett |
|---|---|---|---|
| 13.1 | Die motoriese element✓ | 1 | 2 |
| 13.2 | Map is sy bende-identiteit ✓ en Johnny sy onskuldige identiteit (as skoolseun en na hy tot bekering gekom het.)✓ | 2 | 1 |
| 13.3 | Hy sê dis nie sy besigheid nie, maar hy skinder oor almal / is die eerste persoon wat vir Map vertel van Blanchie se aborsie. (Leerder moet albei pole aantoon) ✓✓ | 2 | 4 |
| 13.4 | Hy is verlief op Blanchie en wil nie hê Cyril moet sleg van haar praat nie.✓ | 1 | 1 |
| 13.5 | Hy smous juwele en Cavernelis smous ook.✓ ✓ | 2 | 1 |
| 13.6. | Hoogmoedig / dink hy is beter as ander✓ en suinig✓ JA. Carvernelis praat Bolandse Afrikaans/ Hulle meng nie met die mense van die township nie. / Hy spaar al sy geld om van die township af weg te kom, bv. hy wil nie 'n stort installeer nie./ Waak teen watervermorsing.<br>(1 punt = haitie-taitie; 1 punt = vrek). | 4 | 3 |
| 13.7 | Dit toon handeling aan / beeld Maud se ontsteltenis uit.✓ | 1 | 3 |
| 13.8 | Baie ellipse ✓ en uitroeptekens word gebruik.✓ | 2 | 3 |
| 13.9.1 | Nee / hy het baie hard gewerk om vir sy gesin beter omstandighede te bewerkstellig.✓ ✓ Hy werk die hele tyd en skeep haar af. ✓ | 3 | 3 |
| 13.9.2 | Ja – hy het baie hard gewerk sodat hulle na 'n beter buurt kon verhuis.✓ ✓<br>Of<br>Nee – as hy werklik omgegee het, sou hy nie toegelaat het dat Blanchie as prostituut werk nie. ✓✓ | 2 | 2 |
| 13.10 | Map is sopas vrygelaat uit die tronk en hy wil nie hê dat Blanchie 'n verhouding met hom moet hê nie.✓ | 2 | 2 |
| 13.11 | Die feit dat Maud en Blanchie vir Cavernelis verwyt, lei tot sy selfmoord. ✓ Dit is geloofwaardig, want hy het besef dat hulle nooit uit die township sal kom nie en hy het sy wil om te leef verloor. ✓✓ | 3 | 4 |
| | | 25 | Vlak 1/2 = 10<br>Vlak 3 = 10<br>Vlak 4 = 5 |

Kognitiewe standaard: vlak 1/2 – 40%, vlak 3 – 40%, vlak 4/5 – 20%

## VRAAG 14: LITERÊRE OPSTEL

***MIS* - Reza de Wet**

**Hierdie vraag word nagesien aan die hand van die aangehegte ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL - HUISTAAL: ROMAN EN DRAMA.**

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Die kandidaat hoef nie aanhalings te gee nie, maar moet wel uit die teks motiveer.

**Riglyne:**
Die langvraag word globaal nagesien. Die nasiener gebruik letters om feite aan te toon. Daar word van kandidate verwag om gemotiveerde feite te gee. Indien 'n feit gemotiveer is, word 'n M gebruik.

Mi = Miem.
Me = Meisie
Ge = Gertie
Ga = Gabriël
M = motivering by elke feit wat gemotiveer is.

**INLEIDING:** Die kandidaat voorsien die opstel van 'n gepaste inleiding.

**Die karakters se uitsiglose bestaan.**

**MIEM**

- As gevolg van die Depressie is Miem-hulle vasgekluister in 'n neerdrukkende atmosfeer en 'n uitsiglose bestaan word in die vooruitsig gestel.
- Al wat hulle kon bekostig nadat die familieplaas verloor is, is 'n lappie grond en 'n pondokkie op 'n kleinhoewe net buite 'n plattelandse dorpie.

- Die Groot Depressie - 'n tyd van ekonomiese swaarkry en werkloosheid - is die milieu/ agtergrond waarteen die drama afspeel en die inligting help die leser/toeskouer om te verstaan waarom Miem en Meisie se omstandighede so haglik/uitsigloos is en waarom Gabriël hom na die solder teruggetrek het.
- Hulle bly in 'n armoedige huisie sonder lopende water en elektrisiteit.
- As matriarg is Miem verantwoordelik vir hulle voortbestaan, om kop bo water te hou.
- In die uiteensetting maak die leser/toeskouer kennis met Miem en Meisie wat besig is om goiingsakke aan mekaar te werk. Die sakke word met mis gevul en vir bemesting verkoop. Hulle is afhanklik van boere om mis op die werf af te laai en 'n inkomste te genereer.
- Miem het 'n ingesteldheid van afkeer teenoor die buitewêreld.
- Sy besweer die bose (onder andere die sirkus) en as gevolg daarvan isoleer sy hulle.
- Miem is konserwatief (eng Calvinisties), onderdruk enige plesier en aanvaar dié geslote/ uitsiglose bestaan.

- Bydraend tot dié bestaan is Miem se siektetoestand: sy het water op die knieë en suikersiekte.
- Miem verwys pertinent na hul uitsiglose bestaan as sy emosioneel bieg voor die konstabel en vertel van die Groot Depressie, Gabriël en alles wat hulle verloor het.

**MEISIE**

- Meisie se uitsiglose bestaan word bewerkstellig deur die speelruimte waarbinne sy haar bevind en haar ma, Miem, wat met 'n ysterhand oor haar regeer.
- Meisie is vasgevang in 'n kleinwêreldse realiteit van alledaagsheid en engheid.
- Die mishope op die werf veroorsaak dat Meisie gedoem is tot eensaamheid en geen vriende het nie. (Danie Venter het dit eenmaal gewaag om te kom kuier, maar nooit weer teruggekom nie.)
- Meisie se bestaan is mislik. Haar lewe bestaan uit missakke, mis, vlieë, brommers, 'n misreuk, slopemmer en werk - wat ook nog verband hou met mis.
- Sy is soos 'n Aspoestertjie-karakter wat net moet werk en in haar uitsiglose bestaan vasgevang is.
- Miem se houding jeens Meisie veroorsaak ook gevangenskap vir Meisie.
- Miem is dominerend en laat Meisie geen vryheid toe nie.
- Miem is manipulerend en speel op Meisie se gevoel oor die vorige besoek aan die sirkus.
- Enige iets buite Miem se ervaringsveld is boos en moet besweer word en daarom hou Miem vir Meisie veilig geïsoleerd soos 'n voëltjie in 'n nessie.
- Miem is oorbeskermend en laat Meisie nie toe om ondersoekend te wees nie - alles dra by tot Meisie se uitsiglose bestaan.
- Die onpersoonlikheid/uitsigloosheid van die situasie waarin Meisie haar bevind, word selfs deur die naamgewing ("Meisie") gesuggereer. Meisie is al die jare deur haar ma onderdruk en geen persoonlikheid of identiteit gegun nie.
- Die uitsigloosheid van Meisie se bestaan word ook vererger deur haar afwesige pa wat nog steeds die vrouens se handelinge bepaal (Meisie moet die slopemmer leegmaak en kos aandra.)

**GERTIE**

- Sy is 'n onaansienlike, gefrustreerde oujongnooi, gevange binne haar eng sienings en omstandighede.
- Gertie word ook gevange gehou deur haar vriendin, Miem, se dominerende persoonlikheid.
- Gertie is eensaam en maak dit duidelik dat sy beskikbaar is wanneer sy pertinent aan die konstabel noem sy is 'n oujongnooi sonder kind of kraai.
- Gertie is pynlik bewus van haar "onvolmaakte" toestand (liggaamlik sowel as haar bestaan) en kan maklik met die fratse in die sirkus identifiseer. (Nes die karakters in die drama is dié fratse ook randfigure wat soos Gertie 'n uitsiglose bestaan in die gesig staar.)

**GABRIËL**

- As gevolg van die Groot Depressie het Gabriël hom sewe jaar gelede afgesonder op die solder.
- Hy het die familieplaas en al sy vee verloor.
- 'n Uitsiglose bestaan is sy voorland.
- Sy aanhoudende, onrustige rondstap op die solder en die manier waarop hy van sy opgekropte gevoelens ontslae raak, onderstreep die uitsigloosheid van sy bestaan.

**Is daar 'n moontlikheid van ontsnapping/bevryding vir die karakters?**

**MIEM**

- Daar is geen moontlikheid nie, want haar bevryding uit dié uitsiglose bestaan is gekoppel aan die moontlikheid van 'n troue vir Meisie. Miem beskou die konstabel as haar bevryder. Deur hom kan sy haar eie werklikheid ontsnap deurdat sy hoop dat Gabriël uit die solder sal kom vir Meisie se troue.
- Gabriël word egter deurgaans gekarakteriseer as ruggraatloos, lamsakkig en willoos en 'n man wat nie sy gesin ondersteun nie en nie die realiteit in die gesig kan staar nie.
- Gabriël het nie afgekom met die aankoms van 'n vreemdeling (die konstabel) nie en ook nie toe hy hoor hoe die konstabel die vrouens manipuleer nie.
- Die kans dat hy sal afkom, is nul en Miem sal dus vasgevang bly in hierdie uitsiglose bestaan.

**MEISIE**

- Die drama eindig met 'n oop slot en Meisie se lot is onseker.
- NEE, alhoewel Meisie bevry word deur die konstabel, word sy die slagoffer van 'n moordenaar-verkragter.

  OF

  Sannie Koen en Rienie Pieterse het weggeloop omdat hulle ontevrede en gefrustreerd was. Dit dien later as motivering vir Meisie se verdwyning. Meisie het dalk (saam met die konstabel) weggeloop omdat sy ook ontevrede en gefrustreerd was; dan wag 'n onsekere toekoms op haar.

  OF
- JA, Meisie is die enigste karakter wat volledig bevry word. Sy is uiteindelik bevry van haar uitsiglose bestaan en hopelik op pad na 'n magiese toekoms. (Sy is hier soos 'n sprokiesprinses wat deur haar prins uit haar gevangeneskap bevry word.)

**GERTIE**

- NEE, haar bevryding is slegs tydelik. Die konstabel help Gertie om haar in die rol van tant Hannie in te leef en bied haar sodoende die geleentheid om vir 'n kort rukkie bevryding te smaak. Hierdie kortstondige bevryding word onderbreek deur Miem en 'n uitsiglose bestaan is heel moontlik Gertie se lot.

**GABRIËL**

- NEE, indien hy sal afkom, wag daar eerder vir hom 'n begrafnis as 'n troue.
- 'n Onsekere, uitsiglose toekoms wag op hom.

**SLOT:** Die kandidaat moet die opstel van 'n gepaste slot voorsien. **[25]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 15: KONTEKSTUELE VRAAG - *MIS* – Reza de Wet

| Vraag | Antwoord | Punt | Barrett |
|---|---|---|---|
| 15.1 | Die motoriese element, want die konstabel het pas by Miem se huis opgedaag.✓ | 1 | 2 |
| 15.2 | Meisie word deurgaans in die drama geteken as iemand sonder identiteit.✓ / Dit maak van Meisie 'n universele karakter.✓ / Sy word nie werklik as iemand gereken nie✓. **(Enige EEN)** | 1 | 2 |
| 15.3 | Daar is 'n slang in die gras✓. Daar skuil gevaar; die omstandighede lyk verdag; iets is nie pluis nie.✓ | 2 | 3 |
| | Die konstabel.✓ | 1 | 3 |
| | Die konstabel voorspel / hou gevaar (vir die vrouens) in.✓ | 1 | 2 |
| 15.4 | Gertie ontferm haar oor die konstabel omdat hy blind is/ ✓ | 1 | 1 |
| 15.5 | Dit blyk dat die konstabel trots en selfstandig is; hy wil nie hulpeloos voorkom nie.✓✓/Konstabel is bewus van die feit dat Gertie vir hom ogies maak en stel eerder in Meisie belang. ✓✓ | 2 | 3 |
| 15.6 | 'n (Rooi) appel. ✓ | 1 | 1 |
| | Simbool van verleiding.✓/erotiese simbool. ✓/seksuele. ✓ | 1 | 3 |
| | Alle ekstra benodighede, behalwe die gewone dekor, wat nodig is by 'n toneelopvoering/kleiner items nodig vir inkleding van die verhoog. ✓✓ | 1 | 2 |
| 15.7 | Meisie : hou die konstabel dop omdat hy haar "betower" met sy sjarme. Sy is beïndruk deur sy besondere karaktereienskappe.✓ | 1 | 2 |
| | Gertie: hou hom as oujongnooi dop omdat hy 'n man is.✓ | 1 | 2 |
| | Miem: hou hom dop omdat hy moontlikhede bied met betrekking tot Meisie.✓ | 1 | 2 |
| 15.8 | Miem is hier onkundig oor die ware stand van sake, terwyl die gehoor/leser reeds vermoed dat die konstabel verantwoordelik is vir die verdwynings.✓✓ | 2 | 3 |
| 15.9 | Miem verlang na haar man en dit sluit aan by die betekenis van mis wat na 'n leemte in haar lewe verwys. ✓ | 1 | 3 |
| 15.10 | Gabriël vertolk 'n stom rol, hy verskyn nooit op die verhoog nie; hy is 'n onbeduidende karakter. ✓ | 1 | 1 |
| 15.11 | Gabriël het nie sy gesin, soos Miem vertrou het, in die geval van nood beskerm nie. ✓ | 1 | 3 |
| 15.12.1 | NEE. Gabriël ondersteun nie vir Miem en Meisie nie; hy kruip weg en ontvlug die werklikheid; Gabriël is 'n lamsak wat sy familie in die steek laat.✓✓ **OF** JA. Gabriël is 'n trotse man en voel sleg omdat hy nie na sy gesin kan omsien nie; hy is skaam omdat hy hulle familieplaas verloor het en nie vir sy gesin kan sorg nie.✓ ✓ **(2 punte vir die motivering)** | 2 | 4 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 15.12.2 | NEE. Gabriël sit al sewe jaar op die solder en het nie uitgekom met die aankoms van 'n vreemdeling (die konstabel) nie, ook nie toe hy hoor hoe die vreemdeling die vroue manipuleer nie. Hy is te lamsakkig/ruggraatloos/selfsugtig/ depressief om vir sy familie op te kom. ✓ ✓✓<br>**OF**<br>JA. Miem noem vroeër in die drama dat hy sal afkom vir Meisie se troue (vreugde), dus kan aangeneem word dat hy vir die tragedie (begrafnis) ook by hulle sal aansluit. Daarvoor is hy swartgallig/depressief genoeg. ✓✓ ✓<br>**(3 punte vir die motivering)** | 3 | 4 |
| | | **25** | Vlak 1/2 = 10<br>Vlak 3 = 10<br>Vlak 4/5 = 5 |

Kognitiewe standaard: vlak 1/2 – 40%, vlak 3 – 40%, vlak 4/5 – 20%

**GROOTTOTAAL: 80**

**AFDELING A: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE [10 PUNTE]**

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD** | **8–10** | **6–7** | **4–5** | **2–3** | **0–1** |
| Interpretasie van onderwerp<br>Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks<br><br>**7 PUNTE** | Diepgaande interpretasie van onderwerp<br>-Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die gedig gerugsteun is<br>-Uitstekende begrip van die genre en gedig | -Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer<br>-Respons redelik gedetailleerd<br>-Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie<br>-Begrip van genre en gedig duidelik | -Redelike interpretasie van die onderwerp.<br>-Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp<br>-Enkele argument word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie<br>-Basiese begrip van genre en gedig | -Onbevredigende interpretasie van die onderwerp<br>-Byna geen punte wat die onderwerp ondersteun nie<br>-Onvoldoende begrip van genre en gedig | -Geen begrip van die onderwerp nie<br>-Geen verwysing na die gedig nie<br>-Leerder het nie die genre en gedig onder die knie nie |
| **STRUKTUUR & TAAL**<br><br>Struktuur, logiese vloei en aanbieding<br>Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel<br><br>**3 PUNTE** | -Samehangende struktuur<br>-Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling<br>-Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek<br>-Grammatika, spelling en punktuasie feitlik foutvry | -Duidelike struktuur en logiese vloei van argument<br>-Vloei van argument kan gevolg word<br>-Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek | -Enkele bewyse van struktuur<br>-'n Goed gestruktureerde logiese vloei en samehang ontbreek in die opstel<br>-Geringe taalfoute; toon en styl meestal gepas | -Struktuur toon tekens van swak beplanning<br>-Argumente nie logies gerangskik nie<br>-Taalfoute beduidend<br>-Toon en styl nie geskik nie | -Struktuur swak<br>-Ernstige taalfoute<br>-Foutiewe styl |
| **VERSPREIDING VAN PUNTE** | **8–10** | **6–7** | **4–5** | **2–3** | **0–1** |

**AFDELING B EN C: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: ROMAN EN DRAMA [25 PUNTE]**

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD** | **12–15** | **9–11** | **6–8** | **4–5** | **0–3** |
| Interpretasie van onderwerp<br>Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks<br><br>**15 PUNTE** | -Uitsonderlike respons: 14–15<br>Uitstekende respons: 12–13<br>-Diepgaande interpretasie van onderwerp<br>-Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die gedig gerugsteun is<br>-Uitstekende begrip van die genre en teks | -Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer<br>-Respons redelik gedetailleerd<br>-Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie<br>-Begrip van genre en teks duidelik | -Redelike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte in detail ondersoek nie<br>-Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp<br>-Enkele argument word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie<br>-Basiese begrip van genre en teks | -Onbevredigende interpretasie van die onderwerp: byna geen aspekte in detail ondersoek nie<br>-Min punte wat die onderwerp ondersteun<br>-Baie min relevante argumente<br>-Weinig begrip van genre en teks | -Geen begrip van die onderwerp nie<br>-Swak poging om die vraag te beantwoord<br>-Argumente oortuig nie<br>-Leerder het nie die genre en teks onder die knie nie |
| **STRUKTUUR & TAAL** | **8–10** | **6–7** | **4–5** | **2–3** | **0–1** |
| Struktuur, logiese vloei en aanbieding<br>Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel<br><br>**10 PUNTE** | -Samehangende struktuur<br>-Uitstekende inleiding en slot<br>-Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling<br>-Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek | -Duidelike struktuur<br>-Logiese vloei van argument<br>-Inleiding, slot en ander paragrawe samehangend georganiseer<br>-Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek | -Enkele bewyse van struktuur<br>-Logika en samehang is duidelik, maar met foute<br>-Enkele taalfoute; toon en styl meestal gepas<br>-Paragrafering meestal korrek | -Struktuur toon tekens van swak beplanning<br>-Argumente nie logies gerangskik nie<br>-Taalfoute beduidend<br>-Toon en styl nie geskik nie<br>-Paragrafering foutief | -Gebrek aan beplande struktuur belemmer vloei van argumente<br>-Taalfoute en foutiewe styl laat hierdie skryfstuk misluk<br>-Styl en toon nie geskik nie<br>-Paragrafering foutief |
| **VERSPREIDING VAN PUNTE** | **20–25** | **15–19** | **10–14** | **5–9** | **0–4** |

Kopiereg voorbehou